Deelname aan die tweepot-stelsel
U kan kies om deel te neem

Geagte «CLNT_TITLE» «CLNT_INITIALS» «CLNT_SURNAME»

Plannommer: «PLAN_NR»
Produk: Persoonlike Portefeulje Bewaringsvoorsorgfonds

Opsionele deelname vir lede **55 of ouer** op **1 Maart 2021**

Omdat u ‘n gewaardeerde lid van die Persoonlike Portefeulje Bewaringsvoorsorgfonds is, het ons u onlangs in kennis gestel van die nuwe aftreestelsel, algemeen bekend as die **tweepot-aftreestelsel** (hierná genoem **“die tweepot-stelsel**”), en hoe dit u vanaf 1 September 2024 gaan affekteer. ‘n Afskrif van die kommunikasie is beskikbaar by Retirement-Reform-Two-pots-Client-communication-Afr.pdf (glacierinsights.co.za).

Hierdie kommunikasie is om u in te lig dat, aangesien u 55 of ouer was op 1 Maart 2021, u deelname aan die twee-pot stelsel opsioneel is, en u kan dus kies om deel te neem of nie. Dit is belangrik om uself vertroud te maak met die besonderhede van u opsies hieronder sodat u ‘n ingeligte besluit kan neem.

Neem asseblief kennis dat die implementering van die tweepot-stelsel onderhewig is aan die goedkeuring van die reëlwysigings van die Persoonlike Portefeulje Bewaringsvoorsorgfonds deur die Gedragsowerheid vir die Finansiële Sektor.

Hoe affekteer die tweepot-stelsel u?

Lede van ons Persoonlike Portefeulje Bewaringsvoorsorgfonds wat op **1 Maart 2021 55 of ouer was** en op **31 Augustus 2024** nog steeds lede is, sal **uitgesluit** word van die tweepot-stelsel. Dit beteken dat niks gaan verander nie en al die huidige reëls wat tans in plek is vir hul aftreefonds, steeds sal geld. U val in hierdie kategorie.

Soos hierbo genoem, kan u egter kies om aan die tweepot-stelsel deel te neem. U het tot die laaste besigheidsdag van Augustus 2025 tyd om hierdie besluit te neem. **Let asseblief daarop** dat u keuse onomkeerbaar is.

U opsies

Die besonderhede van u opsies word hieronder uiteengesit:

U kan kies om NIE deel te neem aan die tweepot-stelsel nie

Indien u kies om **nie deel te neem nie**, hoef u niks te doen nie.

- **Na 1 September 2024** sal u slegs ‘n gevestigde komponent hê. Niks verander nie en alle bestaande regte word behou.
- Ons sal nie vir u ‘n spaarkomponent skep nie. Dit beteken dat u nie geregtig sal wees op ‘n spaar onttrekkingsvoordeel nie.

U kan kies om deel te neem aan die tweepot-stelsel

Indien u **voor 1 September 2024** kies om deel te neem, moet ons u instruksie teen 12:00 nm. op 30 Augustus 2024 ontvang.

- **Na 1 September 2024** sal u ‘n gevestigde komponent en ‘n spaarkomponent hê. Ons sal ‘n bedrag van die gevestigde komponent aan die spaarkomponent allokeer.
- U sal eenmaal per jaar geregtig wees op ‘n spaar onttrekkings-voordeel uit die spaarkomponent.

As u **ná 1 September 2024** die keuse maak om deel te neem, moet ons u instruksie ontvang twee besigheidsdae voor die laaste dag van die maand waarin u die keuse maak.

- U sal ‘n gevestigde komponent en ‘n spaarkomponent hê in die maand wat volg op die maand waarin u gekies het om deel te neem. Ons sal ‘n bedrag van die gevestigde komponent aan die spaarkomponent allokeer.
- Vanaf die maand nadat u gekies het om deel te neem, sal u een maal per jaar geregtig wees op ‘n spaar onttrekkingsvoordeel uit die spaarkomponent.

Toegang tot u voordeel by aftrede indien u kies om deel te neem

Gevestigde komponent

U huidige gevestigde- en nie-gevestigde-regte gedeeltes saam sal die inhoud van die gevestigde komponent uitmaak. U voordeel sal as volg beskikbaar wees:

- Die volle balans van enige gevestigde regte gedeelte sal beskikbaar wees as ‘n kontant enkelbedrag (onderhewig aan belasting), ‘n annuïteit-inkomste, of ‘n kombinasie van die twee.
- Tot een-derde van die nie-gevestigde-regte gedeelte sal beskikbaar wees as ‘n kontant enkelbedrag (onderhewig aan belasting) en die oorblywende twee-derdes as ‘n annuïteit-inkomste.

Aftreevoordeel

Die voordeel in u aftreekomponent moet gebruik word om ‘n annuïteit-inkomste te koop. U sal ‘n aftree-komponent hê vandat dit op u van toepassing word, in terme van die tweepot-stelsel.

Spaarkomponent

Die voordeel in u spaarkomponent sal beskikbaar wees as ‘n kontant enkelbedrag (onderhewig aan belasting), of u kan die voordeel gebruik om ‘n annuïteit-inkomste te koop.

Konsulteer asseblief met ‘n gemagtigde finansiële tussenganger oor die langtermyn implikasie van ‘n kontantonttrekking uit u aftreeplan.

Indien u besluit om aan die tweepot-stelsel deel te neem, vul asseblief die meegaande **Opsievorm** in.

Die impak van onttrekkings en belasting op u spaarkomponent

Dit is belangrik om daarop te let dat ‘n vroeë onttrekking uit u spaarkomponent belastingimplikasies sal hê, en ook die beskikbare kapitaal wat u van ‘n inkomste moet voorsien tydens aftrede, sal verminder.

Wanneer u ‘n onttrekking maak, sal die spaar onttrekkingsvoordeel onderhewig wees aan ‘n belastingaftrekking soos bepaal deur die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SAID). Enige uitstaande belasting kan ook verhaal word. By aanslag sal die waarde van hierdie voordeel ingesluit word by u totale belasbare inkomste vir die jaar, terwyl belasting wat alreeds verhaal is, ook in ag geneem sal word. Die onttrekking uit u spaarkomponent kan lei tot ‘n hoër marginale belastingkoers vir die jaar van aanslag.

Dit is belangrik om met u finansiële tussenganger of belastingkonsultant te konsulteer voordat u ‘n onttrekking uit u spaarkomponent maak.

Neem ‘n ingeligte besluit

Om die mees geskikte keuse uit te oefen sal van u spesifieke behoeftes en omstandighede afhang. Daarom beveel ons aan dat u u finansiële tussenganger kontak om u te help om ‘n ingeligte besluit te neem.

Inligting is ook beskikbaar op ons **Glacier Retirement Fund Member Information Hub**. Alternatiewelik kan u Glacierinsights.co.za op die web soek, die soek-funksie oopmaak en soek vir ‘member’. Besoek hierdie *hub* asseblief gereeld aangesien ons deurlopend inligting byvoeg soos dit beskikbaar raak.

Indien u gebruik wil maak van aftree **voordeel berading**, kan u ons Kommunikasiesentrum kontak by 021 917 9000 / 0860 452 237.

Vriendelike groete

Natashja Terblanche
Hoof: Kliëntediens

Tel: +27 21 917 9000 / 0860 452 237
Faks: +27 21 947 9210
E-pos: client.services@glacier.co.za
Webblad: www.glacier.co.za